

Blom in jou japon

Raak ontslae
van jou uitge-
waste kamerjas
en maak dié
pragtige
geblomde een
van satyn. Deur
Anet Schoeman

MATE

Die patroon is geskik vir 'n nommer 36. Vir 'n groter nommer, voeg 3 cm op die skouernate by soos op die patroon aangedui.

BENODIGDHEDE

Satyn of katoen (3 m x 150 cm of 4 m x 120 cm); bypassende garing

AANWYSINGS

1. Trek blokkies van 5 x 5 cm op bruin-papier of koerantpapier oor, trek die patroon na en knip uit. Naattoelating van 1,5 cm is ingereken.
2. Plaas voorpante met die regte kant op agterpant en stik vas by skouernate.
3. Plaas moue in posisie met regte kante op kamerjas en middelpunt van moukop op skouernaat. Speld vas en stik.
4. Stik mou en synaat aaneen deur regte kante teen mekaar te plaas en vas te stik. Werk die rafelrande af met omkapmasjien of sigsagsteek.
5. Vou soom van 1 cm en dan weer van 2 cm aan onderkant van mou en stik vas.
6. Knip twee stroke van (150 cm x 12 cm) vir nekband.
7. Vou regte kante teen mekaar en stik die twee kort kante aan mekaar vas met 'n 1 cm-soom om een lang strook te maak. Vou oop en pars naat. Vou twee stroke met verkeerde kante na mekaar in die lengte. Speld vas aan nekllyn deur nekband se naat op agterpant se middelpunt te plaas. Stik en werk rafelrande af.



Blom in jou japon

8. Knip nekband gelyk met kamerjas se soom as dit effens langer is.


9. Werk die rafelrand af. Vou 'n soom van 2 cm aan die onderkant en stik vas.

10. Knip 'n strook van 3 cm x 16 cm vir die lussies van gordel.

11. Vou in die lengte met die regte kante teen mekaar en stik lang kante met 'n 5 mm-naattoelating.

Dop om, pars en knip in twee. Plaas die lussies in die middel op die synate, vou die rafelrande om en stik met 'n dubbele stiksel op die synaat vas.

12. **Gordel:** vou die strook in die lengte met die regte kante teen mekaar, stik die lang sy met 'n 1 cm-naat, dop om en pars. Vou die rafelrande aan die punte na binne en stik toe. □



1 Blokkie = 5 x 5 cm

foto Nato Barnard
 stilerling Liesl Schoeman
 model Anita van Storm
 hare en grimering Deidre
 van Professional Bookings

